**12 Augustus**
**Skrifgedeelte: Exodus 17:1–7**
**Fokusgedeelte: Eksodus 17:1b,7b**

## Is die Here by ons of nie?

As die volk Israel na ‘n lang dag van reis in die woestyn uiteindelik uitspan, was daar vir hulle “geen water om te drink nie” (vers 1). Dit is toé dat hulle die vraag vra (vers 7): “Is die Here by ons of nie?” Dit gaan nie hier maar oor ‘n spul oproerige en murmurerende Jode nie, want dink jy maar net in in hulle leefwêreld! Dit was iets ontsettends. Hulle was ‘n volk van byna twee miljoen mense … vir veertig jaar op reis in die woestyn … elke dag die verskroeiende hitte … op reis met siekes, oues, lammes en kreupeles … geen geriewe nie … elke dag maar weer dieselfde. As hulle uiteindelik in die aand tot rus kom, was daar “geen water om te drink nie” (vers 1). Dit was iets ontsettends – al hierdie beproewinge en ontberinge! Só gaan dit ook baiekeer in ons tyd. Dink maar hoeveel beproewinge en ontberinge maak ons nie deur nie! Daar is die ellende van duisende wat aan vigs sterf, die probleem van werkloosheid, gevalle sakebelange, pyn en benoudheid, siekte en dood, vrees en angs. Dit is juis waarom dit gaan: Is dit toeval dat Israel daar by Rafidim die ellende ervaar? Is dit toeval dat jy en ek vandag nog die wêreldse ellende ervaar? Is dit die noodlot? Is die Here by ons of nie?

Nee, geen noodlot of toeval is hier aan die werk nie, maar God se hand! Hy lê sy kind ‘n kruis op en Hy doen dit met ‘n heilige en heiligende bedoeling! Is daar ‘n oplossing? Moses bid! Hy gaan na God toe. Só kan jy en ek elke dag in gebed na God toe gaan. Hy is daar! Sy Woord sê: Roep My aan in die dag van benoudheid (Ps 81:8). Sy Woord nooi ook uit (1 Pet 5:7): “Werp al jou bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.” Is die Here by ons of nie? Ja, Hy is by ons, want Hy is Immanuel – “God by ons” (Matt 1:23) – elke dag en elke oomblik!

*Sing: Psalm 10:8,9 Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*